

HOOFSTUK 3.'n KORT OORSIG OOR DIE ONTWIKKELING VAN INDIËRONDERWYS
IN NATAL (1860 - 1967)

In die vorige hoofstuk is kortliks stilgestaan by die oorsprong en lewensomstandighede van die Indiër in Natal. Die Skoolopvoeding staan in 'n noue verband met die kulturele agtergrond van 'n volk. Die Liggaamlike Opvoedkunde is weer 'n deel van die opvoedingsprogram in die skool. 'n Oorsig oor die ontwikkeling van Indiëronderwys en die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in Indiërskole is nodig om meer lig te werp op die probleem van hierdie ondersoek en op gevolgtrekkings wat gemaak mag word.

Hierdie oorsig sal 'n beeld skep van die ontplooiing van die onderwysstelsel van 'n aanvanklik beleidlose stelsel tot 'n nasionale onderwysprogram soos dit tans daar uitsien. Hierdie samevatting dek die periode 1860 tot en met 1967.

1. Periode 1860 - 1894:

Soos reeds in Hoofstuk 2 aangetoon, het die eerste Indiërs na Suid-Afrika gekom om die nuutgestigte suikerbedryf van Natal te help ontwikkel. Die eerste groep het op 17 November in Durban voet

/aan

aan wal gesit en is spoedig gevolg deur ander. Na 'n kontrakperiode van vyf jaar het hulle sogenaamd "vry" geword en kon daarna enige beroep buite die suikerbedryf beoefen indien hulle wou. Hulle kon ook, indien hulle dit sou verkies, terug emigreer na Indië. Teen die einde van die 19^e eeu was daar menige gevestigde "vry" Indiërs in Natal. Kuppusami¹⁾ skryf soos volg oor hierdie Indiërs: "By the turn of the century, Natal Indians had become fairly representative of the many linguistic and religious groups that form the population of the Indian sub-continent."

Geskiedskrywers is dit eens dat die onderskeie Christelike Sendinggenootskappe die eerste pogings aangewend het om die Westerse onderwysstelsel by hierdie Indiërs tuis te bring. Hulle het ook omgesien na die geestelike behoeftes van die Indiërge-meenskappe.

In 1869 open eerwaarde Ralph Stott 'n dagskool vir kinders van plantasiewerkers asook 'n aandskool

/vir

1) Kuppusami: A short history of Indian education, pp. 6 - 11

vir ouer studente. Hiervoor ontvang hy geldelike ondersteuning van die Natalse regering. 'n Groep van 34 seuns was die eerste leerlinge en volgens Behr ¹⁾, verklaar die toenmalige agerende Superintendent van Onderwys: "..... the Indians refused to have their girls taught to read."

Toen 1872 was daar reeds 4 skole vir Indiërs in Natal, maar aangesien geen onderwysers beskikbaar was nie, is die skole in 1875 gesluit. Tot en met 1877, was daar geen beheer oor die onderwys van die Indiërs nie, gevolglik dus ook geen sprake van onderwysbeleid of -stelsel nie.

'n Nuwe era breek in 1878 aan met die proklamering van Wet Nr. 20 van 1878 wat bepaal dat 'n "Indian Immigrant School Board" saangestel word om beheer uit te oefen oor sake rakende die besteding van geld wat beskikbaar gestel word vir onderrig in skole. Hierdie Skoolraad moes ook jaarliks 'n verslag uitbring oor die vordering wat die skole maak.

/In

1) Behr et al.: Education in South Africa, p.335

In 1894 word die Raad ontbinden word Indiër-
 onderwys onder die beheer van die Natalse Onderwys-
 departement geplaas. Tydens die bestaan van die
 Raad (1878-1894), het daar drie soorte skole ont-
 staan, te wete staatskole, staats-ondersteunde skole
 en privaatskole. Tabel 1 weerspieël die groei van
 Indiëronderwys in Natal in die periode 1882 - 1893.

DIE SKOLE EN LEERLINGTAL VAN INDIËRS IN
 NATAL VIR DIE PERIODE 1882 - 1893, 1)

JAAR	STAATSKOLE		STAATS- ONDERSTEUNDE SKOLE.	
	AANTAL SKOLE	AANTAL LEERLINGE	AANTAL SKOLE	AANTAL LEERLINGE
1882	-	-	10	323
1885	3	205	22	1275
1888	3	226	22	1665
1891	2	293	25	1977
1893	2	340	24	2249

TABEL 1.

2. Indiëronderwys onder beheer van die Natalse Onderwys-
 departement vir die periode 1894 - 1939.

Die Natalse Onderwysdepartement het voortgegaan om
 'n eie skoolstelsel vir gevestigde Indiërgemeenskappe

/te

1) Behr et al.: Education in South Afrika, p.336

te ontwikkel. Waar eie geriewe egter te kort geskiet het, is die volgende beleid toegepas: „Only those who passed the fourth standard in Indian schools could seek admission to European schools.“¹⁾ In 1899 het die Natalse regering hierdie praktyk gestaak en in dieselfde jaar is 'n sg. „Higher Grade Indian School“ in Durban geopen en in 1903 'n soortgelyke skool in Pietermaritzburg.

In 1904 word die St. Aidans Opleidingskollege opgerig waar Indiërs die Junior- en Senior Onderwys-sertifikaat kon behaal. Hierdie inrigting het studente toegelaat wat die St. IV-eksamen geslaag het.²⁾ Teen 1909 was die aantal Indiërkinders op skool in Natal 3,284 waarvan slegs 324 meisies was.

Die vooruitgang van Indiëronderwys in Natal was stadig en teen 1926 kon minder as 'n derde van die kinders van skoolgaande ouderdom in bestaande skole gehuisves word.³⁾ Na aanleiding van die Dyson-

/kommissie

-
- 1) Natal Indian teachers' society: Silver Jubilee 1925-1950, p.11
 2) Behr et al.: Education in South Africa, p. 364
 3) Behr et al.: op.cit. p. 364

kommissie se verslag van Mei 1928 ¹⁾ word sekere hervormings in 1930 aangebring. Teen 1936 was minder as 'n driekwart van die beraamde moontlike Indiërseuns van skoolgaande ouderdom op skool en slegs 30% van die meisies. Daar was toe reeds 100 skole in Natal en deur die ywer van Mabel Palmer ²⁾ is 'n aparte deel van die toenmalige Natalse Universiteitskollege vir die Indiërs en ander nie-Blankes oopgestel. Hierdie stap het dit vir hulle moontlik gemaak om grade te verworf.

Indiëronderwys in Natal het 'n stadium bereik waar dit sodanig uitgebrei het dat die organisasie en administrasie daarvan groot afmetings begin aanneem het. Die verslag van die Broomekommissie ³⁾ van 1937 beveel onder meer aan dat 'n sub-departement in die lewe geroep moet word om meer doeltreffende beheer oor Indiëronderwys in Natal uit te oefen.

3. Die periode 1940 - 1965

Na 1940 het daar verreikende veranderings in-

/getree

1) Behr, et al.: Education in South Africa, p. 365

2) Kuppasami: A short history of Indian education, pp. 6 - 11.

3) Behr, et al.: op cit. p. 365

getree ten opsigte van onderwys vir die Indiër in Natal. Die belangrikste hiervan was die oprigting van Indiërskole deur die Natalse Onderwysdepartement en die besoldiging van alle Indiëronderwyspersoneel in Staatskole deur die Provinsiale Administrasie. In 1943 word ook alle onderwysers in Staatsondersteunde skole, werknemers van die Administrasie. Ten spyte daarvan dat die subsidie van die Provinsie vir die oprigting van staatsondersteunde skole verhoog is, was die aanvraag vir skooltoelating in die na-oorlogse tydperk so groot dat daar nie tred gehou kon word met die oprigting van geboue nie.

Om hierdie probleem die hoof te bied, is die sogenaamde „peletonstelsel” ingestel.¹⁾ Hierdie stelsel kom op die volgende neer: terwyl die onderrig van vakke wat skriftelik werk vereis, met een klas in die klaskamer aan die gang is, is 'n ander klas wat werk van 'n meer praktiese aard doen soos byvoorbeeld lees, terselfdertyd in die buitelug daarmee besig. Dit kom daarop neer dat 'n klas die helfte van sy skooldag buite en die ander helfte binne-in die

/lokaal

1) Kuppusami: A short history of Indian education, pp. 6 - 11.

lokaal deurbring. In ander gevalle is kinders op 'n dubbelskof basis toegelaat, waarvolgens sommige leerlinge klasse in die voormiddag bywoon en ander leerlinge in die namiddag.

In 1944 word die pos van hoofinspekteur vir Indiëronderwys deur die Natalse Onderwysdepartement geskep, maar in 1957 word dit weer afgeskaf. Die inspekteurs van Blanke skole was ook verantwoordelik vir inspeksie by Indiërskole, bygestaan deur senior Indiërpersoneel, bekend as sg. „Supervisors of Indian Education.“¹⁾

Die groei van sekondêre onderwys was stadig, dog volgehou tot en met 1958. Tabel II dui die groei aan van Indiër en Blanke leerlinge in skole wat onder die beheer van die Natalse Onderwysdepartement gestaan het vir die periode 1951 - 1965.

/Ingeskrewe

1) Behr, et. al.: Education in South Africa, p.369

INGESKREWE INDIËR EN BLANKE LEERLINGE IN SKOLE ONDER
BEHEER VAN DIE NATALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. (1951-1965)¹⁾

JAAR	INDIËRS	BLANKES
1951	49,953	42,625
1955	73,469	54,378
1960	104,277	67,215
1965	130,177	84,177

TABEL II

4. Periode vanaf 1966

Kragtens Wet 61 van 1965, het alle Indiër-
onderwys in Natal met ingang 1 April 1966, onder beheer
van die Afdeling Onderwys van die Departement van
Indiërsake gekom. Een jaar later, naamlik op 1 April
1967, sou dieselfde in Transvaal gebeur. Hierdie
oorname deur die Sentrale Regering, lui 'n vierde
tydvlak vir Indiëronderwys in Natal in en die onderwys-
toekoms vir die Indiërs het nog nooit só rooskleurig
gelyk soos tans nie. Tewens, die Indiër - soos die
Kleurling en Bantoe - het die Blanke vooruitgegaan ten
opsigte van die daarstelling van 'n nasionale onderwys-
stelsel.

/Tegniese

1) Behr, et atl.: Education in South Africa, p. 369

Tegniese Onderwys vir Indiërs in Natal.

Tegniese onderwys vir Indiërs dateer sover terug as 1928 met die stigting van die sogenaamde „Natal Workers Congress“ 1) met A. Christopher as president. Hierdie „Congress“ het hom dit ten doel gestel om die groot aantal ongeletterde volwasse Indiër te betrek deur klasse vir hulle aan te bied. Die eerste van hierdie klasse is teen die einde van 1929 by die „Hindu Tamil Institute“ aangebied. Menige Indiër-onderwyser het sy dienste gratis hiervoor aangebied. Hierdie deeltydse klasse is aangebied onder beskerming van die „Indian Technical Institute“ 2)

Ten spyte van so'n klein begin, het die werk in omvang begin toeneem. In 1930 het tegniese en beroepsonderwys ook in Pietermaritzburg sy beslag gekry. Die kursusse wat aangebied is, was uiters beperk weens die afwesigheid van spesiaal toegeruste geboue.

In 1942 bied 'n welgestelde handelaar, M.L. Sultan, 'n bedrag van R25,000 aan vir die oprigting

/van

-
- 1) Technical Education: The M.L.Sultan technical college becomes of age 1967.
 - 2) Departement van Inligting: Indian South Africans, pp. 4 - 9

van 'n tegniese kollege, op voorwaarde dat die Sentrale Regering 'n gelykwaardige bydrae lewer. Met die aanvaarding van Sultan se skenking ¹⁾ is die huidige M.L. Sultan Tegniese Kollege in Durban opgerig.

In 'n proklamasie in die Staatskoerant Nr. 146 van 18 Januarie 1946, kondig die toenmalige Minister van Unie Onderwys aan dat, ingevolge Wet Nr. 30 van 1923, hy voornemens is om die M.L. Sultan Tegniese Kollege tot 'n inrigting vir Hoër Onderwys te verklaar. Twee en twintig jaar later - op 20 Maart 1968 - word hierdie inrigting ingevolge die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, Wet Nr. 12 van 1968, Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys vir Indiërs 1968, verklaar tot 'n inrigting vir gevorderde tegniese onderrig.

Hierdie Kollege, soos in die volgende hoofstuk aangetoon sal word, sal die eerste Indiër onderwysinrigting word wat, met die skepping van 'n Afdeling vir Liggaamlike Opvoeding, die leiding op die gebied van Liggaamlike Opvoeding in Indiëronderwys begin gee het.

-----oOo-----

1) U.G. 27, 1942: Verslag van die komitee om ondersoek in te stel na die bestaande fasiliteite en toekomstige beleid vir hoër onderwys vir Indiërs in Natal, p.6